Laerskool Florida Studiesentrum

2022

Die Studiesentrum stel hom dit ten doel om beskikbaar te wees vir leerders wie se ouers voldag werksaam is en nie behoorlike toesig tuis kan bied nie. Dit is vir die skool van kardinale belangrik dat die sentrum leerders ondersteun met behoorlike toesig, beheer en kontrole. Leerders word die geleentheid gebied om na skool buitemuurse aktiwiteite by te woon, huiswerk te doen tydens 'n studiesessie en sosiaal met maats te verkeer. 'n Kontrakvorm met persoonlike gegewens van elke leerder word deur die ouers geteken en op lêer geplaas.

Kontak:
Vir algemene navrae, bestuur en dissipline, kontak asb vir Juf Rianita Kerwan 0746335162 en vir enige finansiële navra kontak asb vir Wilna Marx 0844007036. Eposse kan na studie@laerskoolflorida.co.za gestuur word.

Tye:

- Die Studiesentrum duur streng vanaf 13:40 tot 17:30 gedurende skooltermyne. U moet asb u kind voor of op die bepaalde tyd kom afhaal.
- Studiesessie is van 14:00 – 15:00. Leerders wat aan sport deelneem se studiesessie begin direk na sport, vir 'n uur.
- Alhoewel daar 'n uur studietyd is, is dit steeds die ouer se verantwoordelikheid om seker te maak dat alles voltooi is. Hulp word verleen gedurende studie en personeel is daar om leerders te help. Dit is ouers se plig om seker te maak die leerder se huiswerkboek en skryfbehoeftes is ingepak.
- Na die studie-uur kan die leerders op die speelterrein speel tot die ouers hul kom haal.
- Die sentrum sal gesluit wees tydens die skool vakansies en sluit op 2 Desember 2022.
- Wegwedstryde: Studiepersoneel sal na u kind omsien tot 17:30. Sou spelers na 17:15 terugkeer, bly die sportafrigter verantwoordelik vir u kind se toesig en nie die Studiepersoneel nie.
- 'n Boete van R30 per kwartier of gedeelte daarvan sal onmiddellike betaalbaar wees indien die ouer versuim om die kind by die sentrum af te haal voor 17:30 op enige dag.

Fooie

- Die fooie per leerder beloop 'n vasgestelde bedrag soos deur die Sentrum bepaal en word jaarliks aangepas. Die bedrag is effektief vanaf Januarie tot November en is ***vooruitbetaalbaar***. Die fooi is ten volle betaalbaar hetsy die kind die sentrum bywoon al dan nie en totdat die bywoning van die kind wettiglik gekanselleer is, soos hierin voorsiening gemaak.
- Die fooi is vooruitbetaalbaar *teen die 1ste dag van elke maand*, betalings kan Kontant of EFT gemaak word.
- Fooie vir 2022 is as volg:
  R500 per maand per leerder
  R350 per maand per leerder, vir 2 of meer leerders in die gesin.
  Dagbesoeker – R30.00 per dag, betaalbaar OP die dag.

  Die Januarie paaiement moet reeds in Desember 2021 ontvang word.

  Indien die tyd na 17:30 misbruik word, sal 'n R30 boete vir elke 15min (of gedeelte daarvan) gevra word. Ouers wat hierdie boete nie betaal nie, sal 'n skriftelike waarskuwing ontvang. Na ontvangs van 'n derde waarskuwing, sal u gevra word om u kind uit die Studiesentrum te neem.

Die Studiesentrum se nuwe bankbesonderhede is as volg:

Laerskool Florida Aftercare
FNB
Tak kode: 210835
Rek Nr: 62923038740

Bewys van betalings kan direk aan Wilna gestuur word by studie@laerskoolflorida.co.za

BAIE BELANGRIK:

- *Leerders wie se fooie nie teen die 1ste van die maand betaal is nie, sal nie toegang tot die Studiesentrum ontvang tot die gelde betaal is nie.*
- *Geen spesiale reëlings, fooie of afbetalings word aanvaar nie. Almal betaal dieselfde bedrag en betaal vooruit.*

Toesig

- Die ouer/ ouers onderneem om voor 09:00 vir Juf Rianita te skakel of boodskap te stuur indien die kind nie die betrokke dag die sentrum sal bywoon nie.
- In geval van siekte is die ouer verantwoordelik om die sentrum in kennis te stel van hoe lank die kind afwesig sal wees.
- Geen kind mag van die sentrum afgehaal word deur enige persoon behalwe die ouer tensy die ouer die sentrum skriftelik in kennis gestel het van die naam van die betrokke persoon wat die kind sal afhaal. Die sentrum mag bewys van identiteit van sodanige persoon versoek indien hul dit nodig ag. Indien alternatiewe reëlings met die kind getref word moet die Studiesentrum-personeel skriftelik in kennis gestel word.
- Geen telefoniese toestemming met betrekking tot die afhaal van die kind of die verlaat van die terrein deur die kind, sal toegelaat word tensy die ouer skriftelik so 'n reëling met die sentrum gemaak het nie.
- Geen leerder mag die terrein verlaat nie, ons vra vriendelik u samewerking om uit die kar te klim en u kind kom haal. Geen leerder mag by die hek 'n sekere tyd vir ouers wag sonder toesig nie.
- DIE STUDIESENTRUM IS NIE VERANTWOORDELIK AS STUDIESENTRUMLEERLINGE DIE SKOOL TERREIN SONDER TOESTEMMING VERLAAT NIE.
- Die sentrum en sy personeel sal poog om na die beste van hul vermoë alle voorsorg te tref teen beserings, ongelukke of siektes van welke aard ook al by die sentrumterrein. Ouers sal gekontak word in gevalle van leerders wat baie siek is.
- Toesigrooster vir 2022 is as volg:

	Sessie 1 (13:40 – 17:30)	**Sessie 2 (13:40 – 17:30)**	
	Studie 1 (Juniors)	**Studie 2**	**Studie 3**
Maandag	Wilna	Tanya	Raye Jnr studie
Dinsdag	Wilna	Tanya	Rianita Snr Studie
Woensdag	Euné Gr R	Rianita	Wilna
Donderdag	Eune Gr R	Raye	Rianita Snr Studie
Vrydag	Eune	Rianita	Geen studie op Vrydae

Persoonlike Besittings

- Alle besittings en klere moet deeglik gemerk word.
- Geen aanspreeklikheid van welke aard ook al word aanvaar vir die verlies, beskadiging of vernietiging van enige persoonlike besittings nie wat ook al die oorsaak van sodanige skade mag wees nie.
- Die ouer sal die kind voorsien van speelklere ten einde die kind se skoolklere te beskerm.

Beëindiging

Die voorwaardes en reëls wat hiermee onderteken word mag slegs beëindig word indien:

- die ouer die sentrum 1 (een) kalendermaand voorafgaande skriftelike kennis gee dat die kind nie meer die sentrum sal bywoon nie; of
- deur die sentrum, onmiddellik en sonder kennisgewing indien:
- Die ouer nie enige gelde betaalbaar stiptelik op die betaaldag betaal nie; of
- Die ouer of die kind enige voorwaardes of regulasies hiervan nie stiptelik sou nakom nie; of
- deur die sentrum aan die ouer 1 (een) kalendermaand skriftelike kennis gee van voorneme om die kind die bywoning van die sentrum te beëindig.

Dissipline

- Met die ondertekening van die inskrywingsvorm, aanvaar u as ouer dat indien u of u kind drie skriftelike waarskuwings van die Studiesentrum ontvang het weens ernstige oortredings van die neergelegde reëls, ek my kind uit die Studiesentrum sal neem
- Die lys van oortredings sluit in (maar nie beperk tot):

Speel in badkamers	Nie opdaag vir studie
Gesels/ontwrig studieklas	Geen huiswerkboeke
Weier om huiswerk te doen	Daag nie op vir studieklas
Tee-praat met personeel	Ongehoorsaam
Wegsteek van eiendom	Nie opdaag vir register
Weier om opdragte uit te voer	Terrein verlaat sonder toestemming
Rassisme	Vandalisme

Hardloop en stamp / skree en afknou / baklei / spot van ander leerders / Spoeg
Onwelvoeglike taalgebruik of geskrewe taal
Klappers / vuurhoutjies / aanstekers / sigarette (ingesluit elektronies)

Maak asseblief seker u kind is deeglik bewus van die reëls.

Algemeen

- Die ouer bevestig dat die bestuur van die sentrum van tyd tot tyd dit nodig mag vind om sekere addisionele reëls en regulasies tot hierdie dokument toe te voeg in hulle absolute eie diskresie.
- Die ouer waarborg en onderneem om enige skade van welke aard ook al wat deur die kind berokken mag word aan enige eiendom of die persoon van die Sentrum, enige personeel of enige ander kind of persoon wat die skoolterrein mag besoek tydens die kind se bywoning by die sentrum onmiddellik op aanvraag vergoed.
- Die ouer bevestig dat geen verslapping of uitstel verleen deur die sentrum aan die ouer ten opsigte van betaling of die nakoming van enige van die reëls.
- Die ouer bevestig dat die inligting gegee op die persoonlike besonderhede hierby aangeheg waar en korrek is in alle opsigte.

_____ _____

RIANITA KERWAN WILNA MARX

Laerskool Florida Studiesentrum

INSKRYWINGSVORM 2022

1. Leerder inligting

Leerder noem naam:		
Leerder van:		
Graad		
Voogonderwyser:		
Naam van boetie/sussie ook in sentrum		

2. Inligting van beide ouers

Vader		Moeder	
Noem naam		Noem naam	
Van		Van	
ID nommer		ID nommer	
Huwelikstatus		Huwelikstatus	
Beroep		Beroep	
Werkadres		Werkadres	
Woonadres		Woonadres	
Kontaknommers (h)		Kontaknommers (h)	
(w)		(w)	
(s)		(s)	

Dui aan wie is verantwoordelik vir die Studiesentrum rekening _____

3. Mediese besonderhede

Enige siekte / allergieë / abnormale bloeding / epilepsie waarvan die Studiepersoneel bewus moet wees en waarna opgelet moet word:

_____

_____

Noodnommer indien ons u nie in die hande kry nie:

Naam: _____ Verwantskap: _____

Tel (h) _____ (w) _____ (s) _____

Dit bly die ouer se verantwoordelikheid om alle kontak inligting op datum te hou.

Met die ondertekening van hierdie vorm, aanvaar ons al die bepalings en voorwaardes hierin vervat.

_____ _____

Handtekening van ouer Datum